# Bergsig Boodskap

durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

## 16 Junie - 30 Junie & Wintervakansie 2026

### 21 Junie 2026, VADERSDAG UITSTUURSONDAG

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **Geen** |

Deuroffer: Loeriesfontein

### 28 Junie 2026

| | |
|---|---|
| 9:00 | **Engelse Diens (Ouditorium)**<br>*Daniël Shayesteh* |

Deuroffer: Msinga

### 5 Julie 2026

| | |
|---|---|
| 9:00 | **Familiediens (Ouditorium)**<br>*Ds. Leon Tait* |

Deuroffer: Studiefonds

### 12 Julie 2026

| | |
|---|---|
| 9:00 | **Familiediens (Ouditorium)**<br>*Ds. Mizelle Prinsloo* |

Deuroffer: Makhatini

### 19 Julie 2026

| | |
|---|---|
| 9:00 | **Familiediens (Ouditorium)**<br>*Dian Keyter* |

Deuroffer: Alta du Toit Skool

### GEBEURE OORSIG:

20 Junie: Ondersteuningsgroep
21 Junie: Vadersdag
22 Junie: Kerkraadsvergadering
23 Junie: Doopkategese
26 Junie: Skole sluit

29 Junie: GlowKidz Vakansieprogram

28 Jun - 10 Julie: Msinga uitreik
11 - 19 Jul: Loeriesfontein uitreik

21 Julie: Skole Open & Doopkategese
26 Julie: GGO Loodsing
26 - 29 Julie: Getuienisweek

## Jy het goed weggetrek toe die jaar begin ... maar nou ... waar trek jy nou?



Soos die seisoene wissel elke jaar beleef ons ook verskillende seisoene in ons lewe.

Links is die hart kaal **gestroop** met net paar herfsblare en regs is 'n **vol** winter hart. Beide is mooi, tóg heeltemal anders as lente en somer harte. Hoe gaan dit met jou? Watter seisoen beleef jy?

**Hoe lyk jou hart?**



Dit klink soos 'n gekarring.

Ons MOET dit doen … aanhoudend. Hoekom?

Anders gaan die mens langs ons verlore.

Ons het Christus as 'n geskenk ontvang. Baie mense glimlag en sê dankie en spog met die pragtige pakkie. Hulle bely dit met hul lippe en vul dit opgewonde op vorms in.

Ons vorm deel van die 85,3% Christene in Suid-Afrika. Wow! Hoe wonderlik!

Maar die pakkie bly mooi opgemaak staan op die tafel - vol stof of half oopgemaak nog in die boks.

Die Bybel gee vir jou die skêr om die pakkie oop te knip. Maak jou Bybel oop en haal die geskenk uit - tyd om af te stof.

Gaan lees en **omvorm** jou hart. Dink na, doen diep ondersoek. Gaan sit voor die Here en praat met Hom oor jou hart. Laat Hy jou lei in die omvorming.



# Vanuit die Uitreikkantoor …

## Ontmoet die Loeriesfontein Lidmaatuitreikspan



**Martin (Bok) Slabber:** dit is my 4de jaar wat ek na Loeriesfontein toe gaan. Dit is ook my 3de jaar as die Loeriesfontein uitreikleier.



**Wietsch Fourie:** Ek is 'n man van min woorde, totdat ek op die preekstoel klim.



**Elaine Fourie:**
Dit maak my opgewonde as ek kan brei en mense kos gee.



**Johan & Marie Wilsch:** Ons harte klop warm vir die area.



**Annamé Muller:** Psalm 34:9
Kom ondervind en sien self dat die Here goed is!



**Melanie Slabber:** dis vir my ongelooflik lekker om iemand se las ligter te maak en te sien glimlag.



**Nicholas Slabber:** ek sien uit om met Loeries se kinders te speel en ek help graag om skoon te maak.



**Niel Kotze:** Ek gaan op die uitreik as “prayer warrior”.



**Andries & Ansie van der Vyver**
soveel dankbare jare
God, Familie, Naaste, …



Die ¾ **Bosman** gesin.
**Dirk, Karin & Marita:**
Ons is lief vir die Here en help altyd graag.



**Ané Steenkamp:** 18 jaar oud
Dis vir my lekker om in die natuur te wees en mense te help waar ek kan.



**Stephan Tait:**
Ek hou van lekker lag, lekker eet en radio luister.



**Die Bensons:** Pappa **Juan,** Mamma Mareli, **Michael** (15), **Elizabeth** (14) and **Thys** (9).
Ons is lief vir mekaar en ander se geselskap. Ons geniet dit om die gemeenskap te dien, elkeen op sy unieke manier, want God het ons almal baie verskillend gemaak. Ons sien uit om 'n veskil in die mense van Loeriesfontein se lewens te maak as ons ons lig daar laat skyn.



**Dirkie du Plessis:** ek is 49 jaar al om die son ... en my hart loop oor van vreugde as ek diensbaar kan wees vir ons Heer, verál deur middel van ons Kerk en uitreike!



**Cody McLean:**
Dit is my eerste uitreik! Ek leen ’n helpende hand waar ek kan.



**Leon en Monique Tait**
**Leon:** my passie is om ’n stem vir die stemloses te wees.
**Monique:** my hart lê by gebed, vrouens wat emosioneel swaarkry en my familie en vriende.
Ons albei deel ons liefde vir God en Sy bediening.



**Irené Willemse (15):**
Dit is vir my lekker om ń glimlag op iemand anders se gesig te sit.



**Werner en Annalize Willemse: Annalize** is passievol om ander te help. **Werner** is 'n handige nutsman.




**Gizela Willemse:** tans 'n “social work” student wat soms meer 'social' as 'work'.

**Ons vra voorbidding vir die Loeriesfontein en Msinga uitreikspanne**

## Uitreik: Msinga


Alle brei/hekelwerk blokkies en klaar produkte moet teen Vrydag, 26 Junie 2026, by die kerkkantoor ingehandig wees.






## Loeriesfontein

Kan jy 'n Bybel skenk? Ons benodig kinderbybels asook Bybels vir volwassenes om saam te vat op die uitreik na Loeries.










## Volwasse Kategese – Belydenis van Geloof

Ds Leon gaan op sekere Sondae vanaf 26 Julie om 10:45-12:00 Volwasse Kategese aanbied na afloop van die 9:00 diens.

Enige gedoopte of ongedoopte volwasse persoon wat nog nie Belydenis van Geloof afgelê het nie is welkom om hierdie 6 sessies met die oog op Belydenis van Geloof Aflegging, op 8 November, by te woon. Enige volwasse persoon wat graag weer die inhoud van wat hulle glo wil herbesoek, is ook welkom om al of sekere van die 6 sessies by te woon.

**Datums en Temas:**

| | |
|---|---|
| 26 Juliie | God Drie-enig: 3 en tog 1 |
| 2 Augustus | Sonde, Verlossing (in Jesus), Dankbaarheid |
| 16 Augustus | Kerkwees en die Sakramente: Doop en Nagmaal |
| 23 Augustus | Die Bybel, asook stiltetyd, gebed en getuienis |
| 6 September | Die Heilige Gees en gemeente wees: o.a. Gawes en Vrug van die Gees |
| 13 September | Geskiedenis van die NG Kerk: o.a. Die Hervorming en Belydenis skrifte |

**Skryf in by: Liezl by versorging@bergsigdv.co.za**

## Mosambiek




### Getuienis van pastoor Ernesto Ganhali tydens Danie Murray se besoek aan Mavago gemeente in Junie 2026

Hy het in 'n kerkhuis groot geword en al die kerkdinge gedoen. Was in Sondagskool, het in koor gesing, is gedoop en aangeneem, maar alles was soos 'n speletjie. Toe word sy ma siek en die gesin gaan besoek die tradisionele geneser en gebruik sy medisyne maar sy ma het nie gesond geword nie. 'n Sendeling uit Malawi besoek hulle huis en bid vir hulle. Die sendeling was ds Matanda. Hy vra hulle toe of hulle haar hospitaal toe gevat het. Hulle sê eers ja, maar bedoel toe die plaaslike kliniek. Dominee Matanda beveel hulle aan om na die hospitaal te gaan.

Nie lank daarna verskyn 'n man in wit klere in 'n droom aan Ganhali. Die man vra hom of hy dan 'n weeskind wil wees en beveel hom dat die familie sy ma na die hospitaal moet vat. Die volgende dag praat hy toe met sy pa en sê hulle moet al die tradisionele medisyne verbrand en sy ma hospitaal toe vat. Sy pa stem in en daar in die hospitaal was 'n dokter wat hulle soos familie hanteer het en haar behandel het. Na 'n week het sy begin herstel en later totaal gesond geword.

Na haar herstel verskyn die man in wit weer aan hom en wys dat hy sy lewe moet oorgee want hy wil hom gebruik om 'n verlore volk te bereik. Hy het sy lewe oorgegee en in die plaaslike gemeente betrokke geraak in die koor en later as diaken en later as ouderling. Daar het hy begin voel hy is geroep, maar het kennis van die Bybel nodig. Hy was egter ongetroud en wou nie alleen gaan nie. Hy vra toe die Here vir 'n vrou en kort daarna moes hy in 'n ander area werk en ontmoet toe sy vrou daar.

Op die ou end is hy getroud en het vir drie jaar in Hefsiba gaan studeer.

Na sy studies het hy ses jaar in Namitimba gemeente gewerk en toe is hy na Mavago waar mense meestal Moslems is met baie verskillende tradisies. Sy belewenis is dat die mense hier die volk is waarvan die man in wit gepraat het.

Sy groot uitdaging is omdat sy familie wil hê hy moet terug gaan na Milange om vastigheid te kry in hulle lewe. Hy voel egter dat sy werk hier nog nie klaar is nie. Hier is al drie buite poste waar hy opleiding gee maar hulle is nog nie gereed om onafhanklik aan te gaan nie.

Indien jy betrokke wil raak of net meer wil weet, kontak my gerus.

**Abrie Coetzee 0823708489**




Die Glow Big kinders het op 19 Junie koek gebak in tuna blikkies. Dit was 'n reuse sukses








As ons 'n ruimte by die kerk skep waar mense van kleintyd af saam kan reis by hul geestelike tuiste word hulle blootgestel aan die gemeenskap van die gelowiges.

Dit is ons voorreg om so ruimte te skep.







## MSINGA LIDMAATUITREIK VOORBEREIDING



Die Msinga uitreikspan is ook besig met voorbereidings voor hulle die vakansie vêr ry om te gaan bedien. Op Saterdag, 20 Junie is die donasies uitsorteer en verpak sodat dit goed benut kan word.



**Ds. Mizelle verjaar op 24 Junie - baie baie geluk en wees geseënd**






**Net soos jy is:**

"Ek het jou lief,
net soos jy is.
Ek kan niks daaraan doen nie;
dis maar net soos dit is.
In My hart brand 'n vuur
wat niemand kan blus.
Ja, Ek het jou lief,
net soos jy is.

Jou geluk is My vreugde,
jou hartseer My pyn,
jou voorspoed My vrede,
jou liefde My wyn.
My hart is jou huis
waar jy kaalvoet mag loop.
Al My deure en vensters
staan vir jou wawyd oop.

Want jy is My kind.
Ek is jou Pa.
Jy kan My alles vertel.
Jy kan My enigiets vra.
Jou hartklop is Myne.
Jou voet trap My spoor.
Al sou jy ook weggaan;
jy kan My nooit verloor.

Want Ek het jou lief,
net soos jy is.
Ek kan niks daaraan doen nie;
dis maar net soos dit is.
In My hart brand 'n vuur
wat niemand kan blus.
Ja, Ek het jou lief,
net soos jy is. *Lied geskryf:*
**Deur Philip Moolman**

Die kerk se sonkragstelsel kon die jaar geinstalleer word met **GROOT** dankbaarheid. 'n Kragbesparing word reeds opgemerk. Mettertyd sal die stelsel uitgebou word soos moontlik.

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com